

journal at the time, in fear of incriminating her accomplices. However, *491 Days'* introduction could have shed more light on this aspect of the journal's origins. An acknowledgement to the individual/s and their efforts would have added a thought-provoking historical insight into collaborators within the prison system and ultimately given more depth to the origin, and perhaps limitations, of this source.

The aim of the book is detailed in its epilogue: that it should serve as a reminder to future generations of past horrors. Thus, equipped with this knowledge, future generations should ensure that South Africa does not ever regenerate to such levels again. *491 Days* succeeds in this, more effectively than retrospective publications. Madikizela-Mandela did future generations a great service by keeping a diary of her experiences while imprisoned. Her accounts relating to psychological manipulation, oppression and brutality by police, mistrust of the enemy and certain allies alike, the break-down of the nuclear family and personal difficulties create a great awareness with the reader in relation to incomprehensible personal strife in a draconian political milieu.

Madikizela-Mandela's contemporary contested legacy aside, *491 Days* tells the story of a political coming of age. It details the evolution of Madikizela-Mandela from being perceived as the nameless "Mandela's wife" (p. 237), to a woman of great resilience and fortitude who emerged stronger, both personally and politically, from being detained. *491 Days* will serve as a reminder to future generations of how the past atrocities of apartheid affected the individual – on the condition that they are willing to look.

Verwoerd: Só onthou ons hom (hersiene uitgawe)

(Protea Boekhuis, Pretoria, 2016. ISBN: 978-1-4853-0609-2)

Wilhelm J Verwoerd

Melanda Blom
Universiteit van Suid-Afrika
blomm@unisa.ac.za

Die bundel, *Só onthou ons hom* het vir die eerste keer in 2001 by geleentheid van die 100ste herdenking van dr Hendrik French Verwoerd se geboortedag, 8 September 1901 verskyn (p. 11). Die 28 hoofstukke bestaan hoofsaaklik

uit persoonlike herinneringe van sy kinders, kollegas en tydgenote as joernalis en as Eerste Minister van die destydse Unie van Suid-Afrika en die Republiek van Suid-Afrika (p. 19). Hierdie bygewerkte weergawe bevat nuwe bydraes deur Elise Verwoerd, (skoondogter), Albert Hertzog en dr Cas Bakkes.

Die samesteller stel dit duidelik dat die boek die herinneringe rondom Verwoerd saamvat en vir die nageslag bewaar moet word. Hierdie bydraes is deur die samesteller gerедigeer en in boekvorm gebind. Teen diè agtergrond dien die boek eerder as 'n biografiese werk as 'n geskiedkundige naslaanwerk. As die boek teen hierdie agtergrond gelees word, verskaf dit interessante leesstof oor sy gesinslewe, joernalis en as politikus. Vanweë die persoonlike band wat die samesteller met Verwoerd gehad het, kan die objektiwiteit en neutraliteit van verskeie van die bydraes bevraagteken word (p. 11).

Die vele fasette van Verwoerd as mens, word deur die onderskeie bydraes vanuit verskillende hoeke belig en hy word aan die leser bekendgestel as vriend, gesinsman, volksman en leier. Alhoewel minder aandag gegee word aan sy politieke sienings en aspirasies word eienskappe soos sy beginselvastheid, vreesloosheid, eerlikheid en integriteit deurgaans beklemtoon.

Die inleidende hoofstuk, bevat 'n biografiese skets deur die historikus, HO Terblanche. Hier word 'n faset van Verwoerd uitgelig wat nie in bestaande biografieë met dieselfde detail gedek word nie. Die klem val ondermeer op sy afkeur aan Britse imperialisme (p. 15) en sy tydperk as koerantredakteur van *Die Transvaler*. Dan volg daar 'n oorsig van sy politieke loopbaan as Minister van Naturellesake en Eerste Minister. Ook was hy 'n kampvegter vir die Afrikaner, sy taal en kultuur. Moedertaalonderrig en die stigting van Afrikaanse skole was vir hom 'n prioriteit (p. 15). Selfs op sportgebied het Verwoerd geglo dat Blankes en kleurlinge langs „parallelle strome“ moes ontwikkel, maar geen veelrassige span sou nasionaal en internasionaal toegelaat word nie (p. 23).

Deel 1 bestaan uit bydraes van sy familielede. Hierdie onderhoude is in drie verdeel: eerstens die indrukke van sy familie te wete sy suster, Lucie Cloete, vir wie hy 'n steunpilaar en geliefde broer was (p. 40). Tweedens sy eggenote wat onthou dat landsake en godsdiens nooit prominente onderwerpe van bespreking in gesinsverband was nie. Laastens volg insette van hulle sewe kinders, skoondogter, Elize en skoonseun, Carel Boshoff. Hulle skoondogter, gee veral aandag aan gebeure rondom die onttrekking uit die Statebond (p. 112) en die aanloop tot Republiekwording (p. 113). In hoofstuk 5 verwys Carel Boshoff

na die belangrikheid van Afrikanernasionalisme in Verwoerd se soeke na 'n Afrikaner identiteit (p. 116).

Deel II beslaan sewe hoofstukke, wat steun op herinneringe van persone wat op verskillende wyses met Verwoerd saamgewerk het uit sy politieke en joernalistiese loopbane. Hier is insette van oud ministers Albert Hertzog, De Wet Nel en joernaliste soos Basson, Cluver, Scholtz en Bakkes van belang. Advokaat Albert Hertzog, seun van genl JBM Hertzog, het in Verwoerd se kabinet as Minister van Pos- en Telegraafwese en Gesondheid gedien. In Hertzog se bydrae is dit interessant dat daar 'n groot mate van ooreenstemming tussen sy pa, JBM Hertzog en Verwoerd se sienings van die Naturelle-vraagstuk was. (pp. 127; 130-131). Dr Bakkes wat in die redaksie van *Die Transvaler* gedien het, onthou Verwoerd weer as 'n leier wat onvoorwaardelik mense vertrou het en wie se mensekennis in sy oordeel oor persone se vermoëns hom soms duur te staan gekom het (pp. 153; 156-157). Tog het die meerderheid joernaliste besef Verwoerd was eerstens 'n politikus in sy oogmerke en besluite en tweedends 'n joernalis.

Deel III bestaan uit tien hoofstukke en bevat insette van ministers, regslui en staatsamptenare. By tye kry die leser die gevoel dat 'n oordrewe positiewe beeld van Verwoerd uitgedra word. Hierdie voorlaaste hoofstuk word afgesluit met die woorde: "hy is weggeruk voordat hy sy lewenstaak, soos hy dit gesien het, kon voltooi. Sy standbeeld kan verwyder word en sy politieke strukture afgetafel word, maar sy naam sal in die geskiedenis opgeteken bly" (p. 253).

Die laaste deel bestaan uit ses hoofstukke met bydraes van vriende en kennisse wat op 'n meer persoonlikevlak met hom kontak gehad het soos Willie Dyason en Annetjie Boshoff. Hier val die klem hoofsaaklik op kwessies soos integriteit, respekte vir ander en met toekomsvisie vir die land (p. 264). Sy wellewendheid en bedagsaamheid in sy omgang met die publiek en personeel word veral in die laaste deel uitgelig.

Dit is opvallend dat geen van die bydraes sy politieke en maatskaplike nalatenskap in detail bespreek nie. Al die gebeurtenisse versterk 'n algemene beeld wat reeds van Verwoerd bestaan, naamlik dat hy as 'n intellektuele reus, vlug van begrip was met die nodige insig in praktiese politiek. Sy werksvermoë, deeglikheid en effektiewe finansiële bestuur word ook bespreek. Van al die politieke leiers was Verwoerd waarskynlik die enigste wat op dieselfde intellektuele peil as 'n Jan Smuts of 'n Jannie Hofmeyr was, alhoewel hy 'n baie andersoortige persoonlikheid gehad het (p. 199).

Verwoerd se idealistiese doelstelling van selfbeskikking vir elke bevolkingsgroep is as *oplossing* vir die land se nie-blanke kwessies en in besonder vir die blanke gesien. Hy het in hierdie rigting gedink, want Carel Boshoff verwys na Verwoerd se verduideliking van die vier gemeenskapsgroepe vir wie daar 'n sinvolle toekoms uitgewerk moes word (pp. 120-121). Ook het hy teenoor sy seun Daniël, die saambestaan van die onderskeie volke, elkeen onafhanklik in sy eie gebied, as aanvaarbaar in 'n toekomstige bedeling gesien. Hy het ook die moontlikheid van kleurlinge se politieke toekoms saam met die van die blanke ingesien (p. 249). Kwessies soos die toekoms van Bantoe-onderwys, die noodaakklikheid van universiteitopleiding vir swartes en die moontlikheid van 'n swart regering is ook telkens bespreek (pp. 80-81; 120-122). Afgesien hiervan het Verwoerd en ander prominente Afrikaners soos dr Anton Rupert oor die konsep van Bantoe-tuislande verskil. Rupert wou tuislande ekonomies ontwikkel met blanke kapitaal in vennootskap met die swart bevolking. Hierdie konsep is deur Verwoerd verwerp (pp. 246-247; 272) en het hy enige pogings wat tot politieke of sosiale integrasie kon lei, in die kiem gesmoor (p. 251). As gevolg van sy vroeë, ontydige afsterwe bly die vraag of Verwoerd later beleidsveranderinge tov politieke integrasie sou toelaat (p. 253).

Ten slotte kan genoem word dat die herinneringsgeskrifte drie tot ses dekades na die gebeure opgeteken is, dus moet aanvaar word dat besondere detail of vergeet of vaagweg aangespreek is. Gevolglik is hierdie herinneringsgerskrifte eensydig en anekdoties aldus die skrywer (p. 11). Tog is die boek 'n aangename leeservaring van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Verwoerd bly dus een van die belangrikste figure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis en daarom kan verwag word dat daar nog heelwat oor hom geskryf sal word.

Die HF Verwoerd Navorsingstrust het meegewerk om die publikasie van die boek moontlik te maak. Hierdie bundel herinneringe kan gesien word as 'n poging om negatiewe sieninge oor hom teen te werk en om 'n beter historiese perspektief op hierdie staatsman te verkry. Die druk- en bindwerk is van hoë gehalte. Die boek bevat 320 bladsye met 'n aantal foto's, 'n nuttige bladwyser en 'n geselekteerde biografiese lys.